

## Kameelperdmotiewe op Insekvlerke

(Myrmeleontidae Mierleeus Antlions Ameisenjungfern/-löwen )



Mierleearwe.....



..... probeer tussen vingers inkom



vangtregters in die los sand

So ken ons hulle as ons by hulle sandtregtertjie gaan sit en 'n mier of ander goggatjie ingooi om te sien hoe dit gegryp en onder die sand ingetrek word. As die goggatjie dan probeer langs die kante opklim, word dit



Lewenskringloop van die mierleeu

met sand gegooi, gestenig so te sê, sodat dit weer afglei en uiteindelik prooi word van hierdie roofinsek-larwetjie. Wie het dit nog nie met 'n grassie geterg en probeer uit die tregter oplig nie? Wie het dit nie uit die sand opgeskep en die kielie tussen die vingers gevoel, as dit probeer inkruip nie? Soos sy naam aandui, lewe dit hoofsaaklik van miere, maar ook ander goggatjies is welkom op die spyskaart, selfs spinnekoppe. Merkwaardig is dat hulle nie 'n anus het nie. Die onverteerbare kos word in die liggaam opgegaar en later gebruik om aan die einde van die larwestadium 'n ronde kokon te maak, waarin die papie vertoef tot dit as volwasse dier in laat somer uitklim.

As ons die volwasse dier sien, wat na tot drie jaar uit hierdie sandgogga ontwikkel, staan ons verbaas: dit is 'n groot vlieënde insek, baie opvallend, wat dikwels saans na die buitelig toe kom om insekte te vang.

Daar is baie verskillende spesies, van hulle word tot 15 cm lank. Gewoonlik lyk hulle gryserig-bruinerig dikwels met duidelike patrone op die deurskynende vlerke wat duidelike donker are toon. Bedags skuil hulle dikwels op boombas en is daar feitlik onsigbaar.

Kenmerkend is die lang en smal agterlyf en die groot vlerke. Hulle lyk nogal na naaldekokers, maar as jy



hulle sien vlieg, **weet** jy, dis iets anders. Hulle vlug lyk ietwat lomp en vermoeiend. Hulle gaan sit gougou weer. As hulle op jou hand sit en jy wil dit optel, klou dit vas met sy sterk kloutjies. Naaldekokers is dagaktief, mierleeus nagaktief. Die korterige knopkierie-agtige voelers is ook tipies van mierleeus.



Van die spesies is baie, baie mooi, van hulle lyk vaal-deursigtig en skaars sigbaar. Die mooiste een wat ek gesien het, is *Tomatate citrinus*. Ek sien op sy vlerke versierings met kameelperdmotiewe. Die kop en borsstuk toon 'n baie mooi geel-wit-swart Afrikapatroon.




'n Ander een is voor by die kop heel wollerig, nog ene blyk net uit swart strepies te bestaan, en 'n derde hang aan 'n draad, witstert-agterlyf na onder, snaaks genoeg met langerige voelers.



Nie al die mierleus se larwes bou vangtrektjies in die los sand nie; daar is baie wat sommer op boombas sit en daar skuil en wag vir prooi. Hulle lyk ietwat anders, breër, platter en gryser. Die larwes bly vir 'n redelike lang tyd in hierdie vorm, dit kan tot drie jaar neem. Hulle kan nogal lank sonder kos bly, dus groei hulle ook maar stadig. Die kokonnetjie is rond en buiteom bedek met sandkorreltjies. Wanneer die volwasse dier uit die kokon gekruip het, kom dit dus uit die grond.

So ongelooflik dit mag klink, maar die mierleeu-larwes het ook vyande. Een van hulle is ‘n klein soort wespetjie, wat probeer om ‘n eiertjie in die mierleeu-larwetjie te plaas. Dit gebeur as volg: Die wespe vlieg in die tregtertjie in en probeer die mierleeu so te tart, dat die mierleeu dit aan sy agterbeen gryp.



Dan druk die wespetjie die kake van die mierleeu met sy twee baie sterk agterbene uitmekaar en hou dit so, totdat sy haar eiertjie in die keelmembraan van die mierleeu kan plaas. Nou los sy die kake skieliek en styg weer op uit die tregter die lug in. In die eiertjie ontwikkel die wespelarwetjie, wat op sy beurt begin om die mierleeu van binne af op te vreet.

Dan word dit papie en kruip uiteindelik as volwasse wespetjie uit die kokon.

Hier bo is twee verskillende soorte *Brachymeria*-wespetjies. Hulle is parasities van aard, omdat die larwes binne-in ander goggatjies vreet en ontwikkel.

Let op die sterk agterbene, dit lyk soos ‘n ‘body builder’ s’n. ‘n Mens kan dink hoeveel krag nodig is om ‘n mierleeu se kake uitmekaar te druk en terselfdertyd ‘n eiertjie netjies op die keelvel te plaas. Die wespetjie is ietwat kleiner as ‘n mierleeu. Die twee wespes op die fotos is nie die wat op mierleuus teer nie, maar soortgelykes.

Al baie, baie lank gelede is mierleuus, by name die larwes, opgemerk, beskryf en het aanleiding gegee tot die wildste fantasiestories,.... tot vandag toe!. Kyk maar na die woestynmonsters in ‘science fiction’ rolprente, waar hulle onder in die sand bly en dan opduik met die yslike paar knypers na vore uitgestrek. Van die figure is ook geïnspireer deur mierleularwes.

**Inligtingsbronne:** Insects of Southern Africa (Clarke Scholtz, Erik Holm)  
( M.Picker, Ch.Griffiths, Alan Weaving)

Field Guide to Insects of South Africa

[www.bbc.com.earth](http://www.bbc.com.earth)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Foto met mierleeu en vinger: Alex Dreyer (dankie)

Julie 2017